het dit nie. In die lig daarvan dink ek miskien is so 'n vraag nie toepaslik nie omdat daar van 'n leke getuie gevra word om u werk te doen, en dit is om 'n opinie te fel of dit gereed was. In die lig daarvan dus maak ek met huiwering beswaar want ek wil nie graag inbreuk maak op die verrigtinge nie, maar ek dink tog dit is iets wat oorweeg moet word.

CHAIRMAN: Do you understand the objection?

MISS CAMBANIS: Yes.

CHAIRMAN: The thrust of objection is that you are asking of a layman to express an opinion, which opinion really falls within the province of the findings of the Commission.

MISS CAMBANIS: I understood that the purpose of the cross-examination here was to find out the general procedures of whether it could ever then be said that acts were, that the acts which may be conceded at a later stage could be justified in the circumstances and my submission is that this witness was brought for the purpose of being the general terms of reference under which they could act and what was minimum violence and so on and that therefore he is in a position to say, to assist this Commission by given his opinion of whether that was what the situation would be where shooting as took place here, would be reasonable and within the minimum violence parameters as set out down by the training programs.

MR LEWIES: Might I rephrase my objection? Maybe then you should get a second bite, with your permission. It is like taking for instance the problem of you having to find the court of law - this is an example - negligence or whether a reasonable man would under these circumstances act in a particular manner. That, strictly speaking, always rests with the tribunal to decide whether or not this is negligence. So in

other/...

other words, the point that I am trying to make is, you will in the end still have to, on the facts proven to you, make the decision and it would always be a usurping of your duty to ask a layman: "Would you say that A, B or C was negligent in these circumstances or whether this was an overstepping of the bounds?" Because this is actually strictly speaking something that always rests with the tribunal and that is why I would respectfully submit that it would not bring us any further should the witness be cross-examined on this. The reason why I am also objecting is because, you know, the question has been posed to him in more than one way and over a time and that is the only reason why I am actually making this objection.

CHAIRMAN: Now that it has been stated in English, Miss Cambanis, do you follow the thrust of the objection?

MISS CAMBANIS: I follow the thrust, but may I just ask one point of clarification, why my learned friend - no, I withdraw the question.

CHAIRMAN: Okay.

MISS CAMBANIS: But I thought that this witness was brought in as a member of 32 and as an expert, not as a layman. I did not understand him to be giving evidence as a layman here.

CHAIRMAN: So you are saying that this witness is not a "leek", he is not a layman?

MISS CAMBANIS: No, with respect, he has come to inform us about the training and he is an expert surely in telling us about training. He is not ... (incomplete). Any way, I will leave that for the sake of peace.

CHAIRMAN: Ja, now that you have withdrawn the question it is all right, but you see, he is a - these experts can be catagorised to Miss Cambanis. He is an expert in training, not an

expert/...

expert in law. Right, now that you have withdrawn the question, could you proceed please?

MISS CAMBANIS: Yes, thank you.

CHAIRMAN: You see, once you are asking the question, due you think - if you were to sketch out the situation, a scenario to him, X, Y, Z, a scenario, X, Y,Z, three situations and you pinpoint one of them, you say: Do you think negligence would be present in scenario Y, for example. Once you speak about negligence it is a loaded concept which has a particular meaning in law and he is not an expert in law. He is an expert in training, maybe not even general training, but certain type of training. He might not be an expert in martial arts for example, but an expert in giving lectures to "troepies". Right, proceed please.

MISS CAMBANIS: Well then, can I ask you? Are you an expert in what troops are taught about when and how they can return fire? -- Ja.

If we go back to the sweep situation, can you just tell us physically in a urban area, squatter camp area, how that would work? -- Die doktrine in die uitvoering van 'n sweep-operasie is neergeskryf, maar dit gaan daaroor dat hy aangepas kan word by verskillende omstandighede.

Can you first tell us the general and, just about the general? -- Okay. Die vee-operasie gaan daaroor om in 'n uitgespreide linie deur te beweeg waarin daar gevuur is, om dan te kyk, soos wat ek vroeër gesê het, vir gewondes of vir dooies of vir uitrusting. Dit kan egter gebeur dat daar obstruksies is en dat 'n persoon dit net eenvoudig nie kan regkry om 'n uitgespreide lyn te maak nie. Dan kan hy 'n groepie of wat ook al opbreek en, maar nog steeds as 'n gekonstrukteerde groep

deurbeweeg/...

deurbeweeg.

For the safety of the troops, what would be, is there any guideline about the safety of the troops and how those groups would ... (intervenes) -- Die beginsels waarvolgens 'n mens werk is dat daar altyd ten minste twee ouens by mekaar is. Wat dan gebeur is, is die een ou beweeg en die ander ou kyk rond en so gaan hulle maar aan dan saam met mekaar, as ek dit so vir u kan verduidelik.

Could you please tell us in what circumstances troops would be allowed to forcibly enter premises? -- Gedurende die vee, of hoe bedoel u?

Ja, gedurende, ja. -- Wanneer hy deur 'n vee gaan, u het gevra met geweld kan ingaan?

Ja, eerste, ja, met geweld. -- Goed. Slegs as daar 'n redelike vermoede bestaan sal die troep noodwendig nie altyd, of hy sal nie alleen in 'n plek ingaan nie. Hy sal sorg dat daar ten minste sy seksieleier by hom is en dat sy pelotonbevelvoerder dan daarvan kennis dra om by 'n plek in te gaan, maar dan ook net op redelike vermoede. Andersins sal daar versoek word om toegang tot 'n plek te kry.

'n Redelike vermoede van wat? -- As daar, as hy byvoorbeeld iemand gesien het wat in die huis in hardloop en hy wil graag met die ou gesels, die ou het byvoorbeeld 'n wapen by hom gehad, dan kon hy probeer ingaan om toegang tot hierdie persoon te kry. Maar as daar net, sê nou maar 'n lig in die huis brand en hy het geen rede om te vermoed dat daar iets fout is binnein die huis nie, maar hy wil graag net gaan ondersoek instel, dan kan hy op 'n, op 'n eerbare manier vra om toegang tot die huis te verkry.

So a reasonable suspicion that, in pursuit of a, that

there/...

there is a suspect? -- Dat daar 'n verdagte binne kan wees of dat daar verdagte uitrusting binne kan wees.

In other words weapons and so on? -- Ja.

But that you say he would only be able to do after he had advised his superior? -- Nee, hy sal dit rapporteer.

First? -- Ja.

So in other words if he did not receive a specific order to forcibly enter then it would be ... (intervenes) -- Nee, kyk, voor die tyd kan die pelotonbevelvoerder reeds vir hom sy "orders" gegee het rondom hierdie situasie. Hy kon vir hom gesê het: "As dit die situasie is dan gaan jy in, maar ek wil byvoorbeeld weet daarvan." Verstaan u?

He could give the right that his superior officer could say: "A general order. You go in if you see suspects or you have information about weapons." -- Ja, maar ek sal nie selfs sê dit is 'n algemene "order" nie. Ek dink dit sal baie meer in 'n staande operasionele tipe van ding wees dat die, dat hulle sal bewus wees want dit is die optrede waarvan 'n mens gebruik maak.

Can we just ask you generally, if a soldier says that he applied force to the face of a person by striking him with a fist, would you view that as an assault? -- Herhaal net die vraag asseblief.

If someone is struck in the face with a closed fist, would you view that as an assault? -- What are the circumstances? Maar ja, ek dink ek sal, ek sal daarmee saamstem, maar die troep, is die troep aangeval of het hy net die man geslaan?

Just generally, you would say that that would be an assault? -- Ja.

Similarly, if there were slaps to the face, obviously? --

U/...

U sien, niemand het die reg om iemand ander net te slaan nie. Dit is, dit is wat, die reël wat bestaan.

But what you have intimated that it depends on the circumstances whether he had been, whether the troop had been attacked? -- Dit, as, dit kan die situasie verander as dit moontlik in selfverdediging was.

Obviously then in the absense of an attack against the troop it would be unlawful? -- Ek glo op daardie, as 'n troep net gaan en iemand slaan, dit is nie reg nie.

Do you have no knowledge of this specific incident relating to Phola Park? -- Nee, ek is jammer.

Evidence is led that a sweep was conducted within a certain area for the specific purpose of looking for injured persons. What would be the procedure to find those injured persons? Would it be a house-to-house for example, or how would it work? -- Dit hang sekerlik baie af van wat se tipe van insident het plaasgevind voor, wat die, wat die vee-operasie voorafgaan. Dit kan gebeur dat daar net deurgestap word, afhangende van die insident. Dit kan gebeur dat dit nodig is om dalk meer intensiewe deursoeking te doen vir, in terme van die vee-operasie. So dit hang regtig van die insident af.

But in circumstances where 200 rounds had been fired prior to the sweep operation, surely the thoroughness of the operation would be steppe up, if I can put it that way? -- Van die spesifieke situasie weet ek nie baie nie, maar 'n vee-operasie sou, sou goed uitgevoer moet word, ja.

To the extent of door-to-door? -- Deur tot deur deursoeking, ek dink - u sien, ek dink nie dit is nodig om deur tot deur deursoeking te doen nie. Ek dink dit is nodig dat 'n mens gaan kyk waar die aanslagstroke en goed was en dan om te

probeer/...

probeer om in die aanslagstroke jou spesifieke aandag op toe te spits.

Sorry, what is a "aandag"? Mr Chairman, can you please help me with a translation? I did not understand the ... (intervenes)

VOORSITTER: Kan jy dit weer stel? -- Goed. 'n Aanslagstrook, kan ek verduidelik net wat 'n aanslagstrook ... (tussenbei)

Ja, verduidelik. -- 'n Aanslagstrook beteken basies die lyn van vuur, die, die primêre lyn van vuur wat daar was.

MISS CAMBANIS: Just finally, on the point of communication in a return of fire or subsequent sweep operation, you would agree that it would be important that there was good communication between the "bevelvoerder" and the troops involved? -- Ja.

Can you just tell us generally, we have heard evidence that the troop so 32 generally are not proficient in English or Afrikaans. -- Dit is reg.

What is done to ensure that orders are communicated to troops? -- Die oorwegende spreektaal in die eenheid wat gebruik word, is Portugees en ook Engels. Reeds op die oriënteringskursus wanneer die offisier by die eenheid aanmeld word hy bewus gemaak van Portugees en hy word die basiese begrippe in Portugees geleer. Wanneer hy dan by sy bataljon, in sy peloton arriveer, wanneer hy toegedeel word, is dit 'n proses wat verder voortgaan om hom so gou as doenlik taalvaardig te maak vir dit wat hy moet doen.

Yes, but as an incident is taking place, say there had been a shooting incident and orders were there and then given to proceed, how is that done? -- Dit sal oorwegend, ek sal sê hy sal al sy "orders" waarskynlik op pelotonvlak in Portugees gee en dan moontlik van die leiergroep wat hom kan verstaan in

Afrikaans/...

Afrikaans of Engels sal hy mee Afrikaans of Engels praat.

CROSS-EXAMINATION BY MR MOSSELSON: Thank you, I have no questions.

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. DE KLERK: Ek het net 'n enkele aspek. As u nou praat van u is in bestuursafdeling, beteken dit suiwer administratief of het dit te doene met die strategiebepaling van die taak van 32 Bataljon? -- U is korrek in beide opsigte.

U opleidings, dit is doelgerigte voorbereiding van die soldate met die oog op 'n operasie in 'n bepaalde gebied, 'n bepaalde gemeenskap wat bedien moet word. Met ander woorde julle moet 'n taamlike kennis van die gemeenskap hê voordat julle kan ingaan en opereer in die gebied. Is dit korrek so? -- Dit is korrek.

Nou in die besluitneming wat se tipe operasies, of wat julle nodig gaan hê en hoe julle dit gaan doen en wat se opleiding julle gaan gee, kry julle sekere terugvoer of insette van die gemeenskap af self? Nie noodwendig uself persoonlik nie, maar die eenheid waarin u ... (tussenbei) -- Dit is korrek.

So u kry insette van die gemeenskap af? -- Ja.

In watter vorm? -- Kom ek verduidelik net vir u hoe werk dit. U verstaan die verdedigingsopset dat daar groephoofkwartiere en sulke goed is. Nou die groephoofkwartier in die gebied waarin, binne ons werk, is gedurende die tyd van daardie operasie in bevel, al is ons magte daar ontplooi, is hulle dan oorhoofs in bevel van die area en sou die gemeenskap dan sekere probleme ondervind of voorstelle wil maak in hierdie verband, sal hulle met die groephoofkwartier in verbinding kom, sover my kennis strek, en van die groephoofkwartier af sal daar direk

met/...

met die magte op die grond gedeel word. Dit is nie 'n situasie waar dit noodwendig alles na ons toe teruggevoer word en dat ons gereedmaak daarvoor nie. Die groephoofkwartier sal voor 'n ontplooiing byvoorbeeld net met ons skakel en vir ons sê: "Kêrels, asseblief, skenk aandag aan dit of dat."

Kan u in hierdie terugvoering wat u kry van die gemeenskap enige idee gevorm het oor wat die persepsie byvoorbeeld van Phola Park is teenoor 32 Bataljon? -- Vir my om dit vir u te sê op hierdie stadium, ek dra nie kennis van so 'n ding nie. Wat ek wel vir u kan sê dat uit die wye gemeenskap uit is daar positiewe sowel as negatiewe kommentaar oor ons.

<u>HERONDERVRAGING DEUR MNR. PRETORIUS</u>: Nou na hierdie insident en die terugvoer en die <u>post mortem</u> wat gehou is, het u u opleidingsprogram gewysig? -- U praat spesifiek van?

Na 8ste, hierdie insident, na die terugvoer wat gegee is vir die bevelvoerder, is u opleidingsprogram ... (tussenbei) -- Dit is alles nog dinge wat in proses is om te gebeur.

Wat is in die proses om te gebeur? -- Die nabetragting sal nou inkom. Dit sal aan die bevelvoerder van 32 Bataljon aanbieding gedoen word ten opsigte van wat die probleem was daar en na bespreking is ek sekerlik, as daar foute uitgewys is, wat reggestel sal word.

Dra u kennis van enige goed by die nabetragting wat hulle gaan invoer? -- Nee, die nabetragting is nog nie aan ons bekend nie.

Is die nabetragting nog nie aan u bekend nie? Een interessante vraag is, toe mej. Cambanis vir u gevra het oor as iemand 'n persoon in die gesig slaan met 'n gebalde vuis, of is dit aanranding, onthou u die vraag? -- Dit is reg.

U het geantwoord: "Wat was die omstandighede?" Is dit korrek?/...

korrek? -- Dit is korrek.

Hoekom het u so geantwoord? -- Niemand het die reg om iemand anders net te slaan nie, en in daardie opsig, as so iets gebeur, is my persoonlike mening dat dit aanranding is. Wanneer dit egter gebeur dat die troep byvoorbeeld bygedam is en hy hom net self verdedig, dan dink ek is dit 'n ander situasie.

U sien, die vraag was bloot, daar was geen iets omgeskep nie. Dit was bloot gewees, as iemand iemand anders in die gesig slaan, wat is dit. U het nie gesê ... (tussenbei) -- Dit is, dit is verkeerd dan. Dan sê ek dit is verkeerd.

Dit is ook vir my 'n interessante antwoord. U sê dit is verkeerd. Is dit aanranding? -- As iemand iemand anders in die gesig slaan?

Ja. -- Ek dink so, ja.

Dit was net vir my interessant dat u die omstandighede vermeld het. Hoekom vermeld u "dit hang af van omstandighede"? -- Is dit nie relevant nie.?

Het u die saak vooraf bespreek, die kwessie van aanranding spesifiek met enige persoon voor u kom getuienis gee? -- Nie aanranding spesifiek nie, nee.

Kry die troepe opleiding in wat maak 'n aanranding uit? -- Met ander woorde wat is aanranding?

Dit is korrek. -- Ons leer vir die troep dat wanneer jy geweldadig teenoor enigiemand optree, dat dit aanranding is.

Wat bedoel u met "geweldadig teenoor enigiemand optree"? -- Dit kan met enige wapen of voorwerp of met die hande wees.

Kry hulle enige opleiding in wanneer hulle kan vuur in 'n beboude gebied? -- Soos wat ek vroeër gesê het, daar word vir die troepe benadruk wanneer mag hy skiet en wanneer hy nie mag

skiet/...

skiet nie.

Vertel vir ons, wanneer word vertel wanneer mag hy skiet? -- Goed. Die ernstige misdrywe, die bylaag 1 misdrywe waarvan ek nou praat. As sy lewe bedreig word, as iemand anders se lewe bedreig word, as eiendom bedreig word.

As die moontlikheid bestaan dat onskuldige bystanders getref mag word, wat se opleiding kry hulle in dié verband? Watter oorwegings moet hulle dan in ag neem alvorens hulle skiet? -- U sien, ons probeer om die troepe sover doenlik op te lei om, nie om 'n konfliksituasie verder te ontlont nie. Om so kalm as moontlik onder alle omstandighede op te tree. Wanneer 'n situasie plaasvind dat daar 'n groot groep mense teenwoordig is, dan glo ek sal die situasie aan die weermagkant ook van so aard wees dat daar 'n pelotonbevelvoerder teenwoordig is en onder daardie omstandighede sal die offisier weet watter van sy skuts kan hy met watter tipe van skoot vertrou en hy sal dan deur middel van 'n vuurleidingsbevel, indien nodig dat die situasie dit vereis, deur middel van 'n vuurleidingsbevel beperkte vuur laat gee, maar soos ek sê, indien nodig.

MNR. TUCKER: As dit nodig is om oor te slaan na Engels toe dan vra ek verskoning. Maar soos ek dit verstaan, is dit fundamentele prinsipaal dat alles in 'n eenheid betrokke is en skietery, dan moet hulle 'n sweep uitvoer na die skietery. Is dit korrek? -- Dit is korrek, ja.

Die bevelvoerder sowel as die troepe weet dat die doel van so 'n sweep is om die gewondes en die dooies en die uitrusting uit te soek? -- Dit is korrek.

Onder sulke omstandighede, is dit nodig vir die bevelvoerder enige bevel te gee om dooies en gewondes en uitrusting te/...

te gaan soek? -- Kan ek, kan ek vir u verduidelik wat gebeur? Gewoonlik is dit, dit is 'n staande operasionele prosedure. So die troep weet al waarvoor gekyk word, maar wanneer hy op iets afkom dan sal hy byvoorbeeld sy offisier kontak en vir hom sê: "Goed, ek het hierdie ding nou hier gekry." Afhangende van wat die prentjie dan rondom die situasie is, sal die offisier in die geval van 'n gewonde waarskynlik mediese mense soontoe stuur of hy sal in geval van dooies 'n polisieman soontoe ontbied na daardie spesifieke situasie toe, en uitrusting moet gemerk word en gedokumenteer word en dan oorhandig word aan die SAP. Maar die punt van die saak is, as iets gekry word dan sal die troep die offisier kontak en vir hom sê.

Maar onder hierdie omstandighede wat bestaan het op die nag van die 8ste was daar niks besonders toe die bevelvoerder die bevel gegee het na die skietery om 'n vee uit te voer nie? -- Met ander woorde dit was "common practice" gewees.

"Common practice", dit is wat hulle ... (tussenbei) -- Dit is 'n dril.

Die soldate, sou verwag het? -- Dit is reg. Dit is 'n dril.

Dit is ook nie nodig vir hom, vir die bevelvoerder, voor dit te sê dat die doel van hierdie vee-operasie is om dooies, gewondes en uitrusting te gaan soek? Hulle weet dit. -- Soos ek sê, hulle weet dit, maar die offisier sal waarskynlik weer dit onder hulle, hulle attent maak.

Te beklem? -- Ja.

Kan u vir ons sê, ek weet dit is moeilik want u was nie betrokke nie en u weet nie spesifiek waar hierdie huise was nie, maar daar was twee huise wat in die lyn van die vuur was wat binne 'n 100 meter van die punt van die skietery wat getref

was/...

was deur skote en waarin daar iemand, in twee instansies iemand beseer was en eintlik wat doodgegaan het. Is dit moontlik vir u om te sê hoekom, onder die omstandighede wat daar gestaan het, dat daardie twee huise óf nie gevind was nie óf dat die soldate nie die gewondes daar gevind het nie, as die doel van die vee-operasie was om sulke persone te vind? -- Ek is regtig jammer. Dit is vir my baie moeilik. Ek het nie genoeg feite om vir u daardie situasie te kan verduidelik nie. Ek weet nie.

Hierdie opleiding wat Bataljon 32 ontvang het, wat die verskil is tussen die rol van 'n soldaat in oorlogsituasie en die rol van 'n soldaat in 'n supplementêre kapasiteit saam met die polisie, kan u vir ons spesifiek sê, die aard van daardie opleiding? -- U sien, daar is van die begin af klem gelê dat ons in die gemeenskap en tussen die gemeenskap beweeg. Met ander woorde ons is in die beeld van publiek 24 uur uit die dag, en klem word gelê op die vertoondissipline van die troep en sowel as die feit dat hy erns moet maak om dit wat sy verantwoordelikhede is so goed as doenlik te kan uitvoer. Die rede is omdat hy daar is om die gemeenskap te dien en om te probeer om die gemeenskap te beveilig en vir almal 'n beter plek te maak om in te bly. Dit is ons werk en in daardie proses word daar dan vir hom met nadruk op hierdie dinge uitgewys en daar word ook gekyk na spesifieke "drills" van hoe werk 'n voertuigbeheerpunt, spesifiek as die polisie nou bykom, wat is wie se verantwoordelikheid. Daar word gekyk na die voorbereiding van voertuie. Daar word gekyk na hoe die wetstoepassing sê hoe dinge moet gebeur in daardie spesifieke omstandighede. Dit is wat ons probeer inskerp by die troepe.

Is daar enige verskil tussen die verhouding wat 'n soldaat behoort te hou onder twee verskillende omstandighede? Een is

waar/...

waar hy nou in oorlog betrokke is met die "Angolans". Daar is 'n skietery tussen ons weermag en die weermag van die "Angolans" en na die skietery, die verhouding tussen die Suid-Afrikaanse soldaat en die gemeenskap van die Angoliaanse gemeenskap en die omstandighede wat ons hier gehad het waar daar 'n skietery tussen 'n Suid-Afrikaanse soldaat en ons weet nie wie nie, en die gemeenskap van Phola Park waaruit daardie skietery gekom het. -- Eerstens ten opsigte van die situasie wat u geskets het rondom Angola. Die konfliksituasies wat daar plaasgevind het, het - waarin ek altans betrokke was, het grootliks plaasgevind in ontvolkte gebiede. Ek dink dit maak sin want die plaaslike bevolking het van die gevaar af weggetrek. So daar was nie groot handhawingprobleem met plaaslike bevolking in daardie situasie gewees nie. Ons sit egter nou in 'n situasie waar ons vir die gemeenskap in die gemeenskap werk en daarom is dit vir ons belangrik om 'n indruk op die gemeenskap te maak. Ons wil, ons wil graag probeer dat die gemeenskap daarvan hou as ons daar is, dat hulle voel dat ons beteken vir hulle iets, en dit is hoekom ons benadruk om noue samewerking en aanvaarding by die gemeenskap te kry.

I am going to have to go into English because I cannot remotely describe this in Afrikaans. There is a critical difference between training people, educating people, which is what is then in their heads and indoctrinating people in the sense of what is now in their hearts. What we all know is that under circumstances when you have been under fire, an intensely emotional thing I would imagine. I have never been under fire, but it must be intensely emotional. There are bullets flying around, everyone of which can actually kill me and that is the end. So an intensely emotional thing. Immediately after

having/...

having been involved in that intensely emotional experience, you now put those soldiers into performing a function, a very disciplined function in relationship to the community that they are serving. What is the intensity of the training which is given to Battalion 32 soldiers to make sure not that they are educated about their relationship which the community that they are supposedly serving, but more importantly their indoctrination to make sure that under those emotional circumstances they are going to relate to the community in the way in which they ought to relate. -- Ek dink om dit vir u te verduidelik sal ek as volg te werk gaan: Dit was nog altyd algemene kennis dat 'n soldaat se dissipline en sy standaard van vertoon en verdrag het te doen met die feit dat hy gedril word in 'n ding. 'n Ou sien baie keer 'n situasie waar 'n man dan al geblinddoek sy geweer kan uitmekaar uit haal en dan weer inmekaar sit. Nou in daardie scenario word dieselfde met hom gedoen in die millitêre milieu sover as doenlik deur die spektrum sodat die troep amper blindelings kan sê wat nou moet volg nadat hy hierdie aksie plaasgevind het en is dit vir ons by uitstek baie belangrik om te sorg dat die leiergroep kan genoegsame beheer uitvoer om toe te sien dat so iets wel kan gebeur. Dit is, dit is wat ons probeer doen. Dit is deur "drills, gedissiplineerde "drills".

I can understand how you drill a soldier in the use of his firearm, how you drill a soldier in keeping his firearm clean. I do not understand how you drill a soldier to behave responsibly towards a community under emotionally intense circumstances. How do you drill him? -- U sien, dit is, dit is 'n moeilike situasie om ook vir u te beskryf. Dit gaan alles oor dissipline in die eerste plek en om daardie mate van dissipline

te/...

te bereik of te verkry, is daar verskeie maniere hoe om te werk te gaan. Eerstens, is daar die herkoms van die eenheid. Dit is nie meer ter sprake vandag nie, maar dit het 'n esprit decor(?) gebou en 'n sekere standaard gestel en dit is die verantwoordelikheid van die toekomstige 32 Bataljon-lede om uit te lewe na daardie esprit decor om te wys dat dit 'n soldaat van 'n hoë soldaat is, byvoorbeeld. Dan is daar die gemeenskap as sulks wat ek dink veral die, veral die soldate het geweldig blootstelling gekry die afgelope twee jaar waar hulle in stedelike kontekste in Natal en dan ook hier aan die Rand aangewend is. So hulle is nou al, ek wil amper sê gekondisioneer ten opsigte van wat hy kan verwag en hoe hy daarmee, hoe dit verwerk sal word en ek kan nie genoeg benadruk nie, is dat dit die, die offisier of dan die pelotonbevelvoerder se groot verantwoordelikheid is om sy manne bymekaar te hou in daardie omstandighede.

Van die soldate wat op die aand van die 8ste betrokke was, hoeveel van hulle of watter persentasie van hulle sou u verwag betrokke was in die oorlog in Angola? -- Joe, ek weet nie. Ek skat in die orde van 70 na 80% seker.

So 'n redelike hoë persentasie? -- Ja, as 'n skatting.

If I were to tell you that there is evidence that these soldiers committed acts of violence, not acts of assault, they committed acts of violence against residents of Phola Park during the time that they were conducting the sweep, would you tell me, in the course of your training, what would be the circumstances that you would have trained those soldiers that they were justified in using violence during that process? -- Ek weet nie wat regtig in Phola Park gebeur het nie.

Maar ek vra oor die opleiding. -- Oor die opleiding?

Goed/...

Goed. As daar, en daar word nou so 'n aanname gemaak dat die, die, is dit geweld?

Geweld, dit is geweld, maar nie - sorry, I need the difference between violence and assault.

VOORSITTER: Aanranding en geweld. Assault is "aanranding" and "geweld" is a wider concept. -- Ek kan net vir u sê daar word nooit in opleiding van so 'n taktiek gebruik gemaak nie.

MNR. TUCKER: Maar word hulle nie opgelei dat onder sekere omstandighede dit is in orde om geweld te gebruik? Byvoorbeeld in selfverdediging? -- U sien, ons glo nie daaraan om 'n troep op te lei om geweld te gebruik nie, in so 'n situasie nie. As hy hom dan aangewese is op selfverdediging dan is hy op sy eie vermoëns aangewese, maar ons leer nie 'n troep om, om dit te doen nie.

So as daar wel geweld gebruik was dan was dit nie gebruik as 'n konsekwens van hulle opleiding nie? -- Opleiding, nee.

Dit is heeltemal op hulle eie, hoe hulle gereageer het? -- Korrek. Dit is korrek.

VOORSITTER: Het ek u reg verstaan? U sê u lei hulle nie op om geweldadige optrede te ... (tussenbei) -- Dit is korrek.

MR TUCKER: Now I again need to go into English because it is a difficult concept, but my concern is this: As many as 75% of the soldiers who were involved in Phola Park were probably involved in the war in Angola. When you are fighting a war in Angola and you are confronted by Angolan soldiers and there is quite a lot of shooting and then at the end of the shooting you conduct something which is akin to a sweep operation and in some way of another you come into contact with the Angolan population. You are now relating to a population who scorned the enemy forces in the first place. Secondly, who harbour the

enemy/...

enemy forces and your relationship to that community is a relationship to a community who scorned the enemy forces and who harbours the enemy forces. I can understand that under those sort of circumstances one would have a certain relationship and might well use some fairly heavy-handed tactics. This is after all the enemy which we are fighting. -- No.

No? -- You are specifically - u verwys spesifiek na die plaaslike bevolking van ... (tussenbei)

Van Angola, ja. -- Ek kan net vir u my ondervinding gee. In die eerste plek, ons is gevind onder die Génèvese Konfensie en jy het geen reg om iets aan daardie mense te doen in terme van die Génèvese Konfensie, behalwe om vir hulle eie beskerming hulle na 'n plek toe te neem, argumentsonthalwe. Dit is so dat dit die tuisskare van, van daardie tyd se vyand was, maar dit het ook so gewerk dat ons het, in my situasie, nooit iets aan hulle gedoen nie en hulle het nie iets aan my gedoen nie. Dit is soos dit hanteer is.

If I could then complete the question, because I was wondering whether there was a distinction between that relationship and the relationship with the Phola Park community, amongst whom there are some gunmen to, you cannot suggest that they spawned them, and if they did spawn them, it certainly is not your relationship to them as an enemy, it is your relationship as the guardian of good order and peace and sound conduct. But as a result of your answer to the first component to the question I must assume that the soldiers of Battalion 32 were trained both in relation to the civilian population of Angola and in relation to the civilian population of Phola Park that there is no circumstance which justifies the use of violence? -- Under no circumstances?

There/...

There is no circumstance which justifies the use of violence. I am putting also your answer to my earlier question where I asked you whether you would have trained them as to the circumstances under which they could use violence in self-defence, to which your answer was no, you do not. -- Goed.

So then my question is, is there any - given all of these questions put together, is there any circumstance which they are trained as being a circumstance which justifies the use of violence? -- Goed. Ek dink ek wil u graag terugneem na ons modus operandi toe, en dit is dat die weermag altyd in 'n groep opereer en sou daar dan iets met die groep gebeur, is daar 'n offisier teenwoordig om die situasie, hy is in beheer van daardie situasie. Sou daar dan teruggevuur moet word of daar moet 'n spesifieke aksie geneem word, dan sal die offisier op bevel - dit is die groot verskil, dink ek, wat belangrik is - op bevel opdrag gee deur middel van 'n vuurleidingsbevel aan iemand om te skiet of hy sal iemand taak om 'n spesifieke afsnygroep of iets te gaan vorm. In sover dit, dit kwalifiseer miskien in 'n mate my antwoord 'n bietjie, maar die, die argument van die saak gaan, dit gaan op opdrag.

You see, I understand your answer and it is the answer that I would anticipated. Clearly when there is shooting coming out of Phola Park and you send three Casspirs with three platoons and there is a commanding officer and then you take this line of fire and so on, and the command is given to fire, that is clearly violence that is under command. I can even understand that if at the point in time at which the order was given to conduct the sweep that the commanding officer said: "The main purpose of the sweep is as usual, to look for 'gewondes, dooies en uitrusting, maar as ons van die wat aan

ons/...

ons geskiet het, vind dan mag julle doen wat nodig is om hulle te', take them into custody." But is there anything, any order, any training which would have been given which could have justified the soldiers in using violence against the residents of Phola Park who were not part of the shooting squad which had been fighting with the soldiers? -- Ek dink ek kan in alle eerlikheid vir u sê ons, ons het nog nooit en ek glo ook nie ons sal ooit sulke tipe van opleiding gee nie.

VOORSITTER: Ek wil ook 'n paar vrae vra. Ek dink as ek reg verstaan het, u het melding gemaak van die feit dat sodra die troepe - die troepe, soos ek u reg verstaan, word in twee verdeel. Die een groep word vir diens gebring by 'n plek soos die Oosrand, Phola Park of wat ook al. -- Dit is korrek.

Terwyl die tweede groep op basis te Pomfret vertoef, of wat ook al. -- Dit is korrek.

Dit is hoe te werk gegaan word met Bataljon 32? U weet, die een kom die ene aflos so te sê. As daardie met verlof gaan dan word hulle afgelos deur daardie wat met verlof gewees het. Is dit reg so? -- Dit is korrek.

Dit werk deurgaans so sonder uitsondering? -- Dit is korrek.

U sien, ek sal u sien waarom vra ek hierdie vraag, want die naweek was ek in Natal gewees met die werksaamhede van die Kommissie en in Durban het ek gevind toe ons getuienis aangehoor het oor die doen en late van die veiligheidsmagte te Imbali in Pietermaritzburg, het ek verneem dat kort na die onttrekking van Bataljon 32 uit die Oosrand was hulle ontplooi te Pietermaritzburg. -- Dit is korrek.

Is dit korrek? Is daardie stelling korrek? -- Dit is korrek, maar ek wil dit graag kwalifiseer as ek mag?

Ja/...

Ja, kwalifiseer dit. Kom ons hoor. -- 'n Bataljon op 'n slag ontplooi, soos wat ek vir u verduidelik het, dit is die twee bataljons nè? Elke bataljon bestaan uit drie kompanies uit. Met ander woorde drie kleiner groepies. Goed, twee van daardie groepe is in die Oosrand ontplooi en een van daardie groepies is in Natal ontplooi. So dit bly nog steeds die een groep. Wanneer die ander groep inkom, kom los twee van hierdie groep twee van hierdie ouens af en een gaan los die ander een in Natal af. So u is korrek, daar is mense in Natal.

Soos u dit nou verduidelik het, dit volg nie <u>ipso facto</u> dat die groep wat, die kompanie wat onttrek was van Phola Park een en dieselfde ene is wat ontplooi was te Natal? Is dit nie waar nie? -- Ek kan nie vir u die presiese korrekte antwoord gee nie, maar soos wat ek verneem het, het hulle van onttrekking daaraf omgeskuif Natal toe.

So hulle het hom net omgeskuif Natal toe? -- Ja, soos wat ek verstaan.

Ja, maar dit is, ek het 'n verskillende prentjie gekry in Natal daar. U sien, die plaaslike bevolking van Imbali kerm ook net soos die Phola Park mense oor die doen en late van Bataljon 32 daar en hulle het ook gevra dat hulle moet onttrek word daar. Ek kon nie verstaan hoekom kan daardie groepie weer ontplooi word in 'n ander plek terwyl mense soveel kerm oor hulle teenwoordigheid daar, u sien? -- Daarop kan ek u ongelukkig nie antwoord nie, ek is jammer.

Ja, ek sien. Okay. Sê vir my, hoe lank word hulle afwesig, bly hulle weg van hulle families af, hierdie mense, as hulle ontplooi is, as die troepies ontplooi is? -- Hy bly twee maande, die hele tydperk wat hy ontplooi is, is hy weg van sy familie af, ja.

Twee/...

Twee maande? -- Dit is korrek.

So hulle bly, is dit die minimum tydperk wanneer hulle afwesig is van die huis af, van Pomfret af? -- Ja. U kan argumentsonthalwe sê hy is plus-minus ses maande van die jaar weg en ses maande van die jaar by die huis.

O, ses maande van die jaar en ses maande by die huis? -- Ja, maar nou in twee maande, twee maande aflossings.

Ja. So vir twee maande lank sit hulle by die kamp, u weet, by Steunpunt of waar ook al, sonder om hulle geliefdes te ontmoet? -- Dit is reg.

U sien, ek sal u sê waarom vra ek daardie vraag. U sien, daar is ernstige aantygings van verkragtings en dergelike goed en ons weet hulle is ook mense. Hulle wil graag hulle vrouens ontmoet en sulke dinge. Nou wil ek net uitvind hoe lank hulle wegbly van hulle vrouens af. -- Ja. Nee, dit is soos wat ek gesê het.

So twee maande is die minimum periode, maksimum periode? -- Die maksimum tydperk, ja.

Die ander ding wat ek wil graag weet, is, u sien, u het gepraat van die verhouding tussen lede van Bataljon 32 onder mekaar en hulle verhouding met die publiek as sulks. Die esprit decor wat heers onder hulle, mekaar, wat hulle uitbou en uitleef in die opleidingverhouding met die publiek. Nou ek wil my toespits op hulle verhouding met die publiek. U sien, hierdie mense, soos ek dit reg verstaan, hierdie bataljon, hulle is opgelei en hulle was ontplooi om teen die vyand te veg. Is dit nie waar nie? -- Dit is korrek.

Destyds in Angola? -- Dit is korrek.

Die vyand was ANC en SWAPO, is dit nie waar nie? -- SWAPO en FAPLA hoofsaaklik.

Ja/...

Ja, maar hulle het geweet dat ANC het SWAPO bygestaan? -- Ja.

Nou word hulle, nou raak die oorlog klaar en Resolusie 435 deur die VV organisasie en nou word hulle Suid-Afrika toe gebring en hulle is verdere opleiding gegee om met burgerlike saam te werk, vir burgerlike beskerming in die geval van aardskuddings en sulke goed, en nou kom hulle die publiek dien. Maar in hulle koppe, hulle het nooit vergeet wie die vyand was in Angola nie. Is dit nie waar nie? -- Kan ek, kan ek vir u gesels daaroor?

Ja. -- Dit, dit is so dat hulle bewus was daarvan dat die ANC wel geskakel het met SWAPO in kampe in Angola. Ek dra geen kennis van enige konfliksituasie waar 32 Bataljon in Angola betrokke was met 'n, met 'n lid van die ANC nie. So alhoewel daar kennis was, het ons op die grond die mense nooit gesien nie, volgens my kennis. Dit het meegebring in 'n groot mate dat die wete dat so iets wel bestaan, het nooit gerealiseer op die grond eintlik nie. So u is reg as u sê hulle weet dit, maar dan moet u met my saamstem dat hulle het dit net geweet. Dit is nie vir hulle 'n faktor gewees nie omrede dit gegaan het oor SWAPO en oor FAPLA, wat hulle baie goed geken het. So dit is, dit is eintlik wat ek graag vir u wil verduidelik daaromtrent. Ek dink ... (tussenbei)

U sien, ek stuur my af - laat ek jou net sê, ek stuur my af tot die punt dat dit is alombekend dat die faksies of die groepies wat Phola Park beheer, dit is alombekend dat dit die ANC is. Kyk, dit is nie Inkatha nie. Inkatha is in die hostelle daar in Tokoza, maar die ANC is aan die bewind in Phola Park. Nou het ons die situasie dat hierdie mense is weggevat van die grens af, van die oorlog af, hulle het teen

SWAPO/...

SWAPO en die ANC geveg. Nou kom hulle weer ANC Self Defence Units teëkom, maar in 'n burgerlike situasie. Wat dink u sal die verhouding wees? -- U sien, dit is die klem wat ons probeer lê. Ons definieer nie vir die troep vandag meer 'n vyand nie. Ons definieer vir hom 'n wetsoortreder en ons definieer vir hom iemand wat daarop uit is om iemand anders skade aan te doen. Dan benadruk ons die feit dat ons deur ons optrede moet probeer om die gemeenskap se guns te wen. Dit is ons modus operandi. Ons het nie 'n spesifieke teiken waarvoor ons gaan nie, behalwe vir die feit dat dit teen wetsoortreders is.

Ja. Kyk, as ons verhoudings praat, ons praat nie van 'n ding wat eensydig is. U weet, 'n straat loop dood of wat. Dit kom van al die kante af. Ek verstaan die antwoord wat u my nou gee, van die kant van Bataljon 32. Hulle mag wel moontlik ge-"debrief" is oor oorlogsake en wie die vyand was, en al kom hulle teë 'n ANC hierso, hulle het alles vergeet van ..., maar nou kom ons dit kyk van die ander kant af. Die ANC weet waarvandaan af kom hierdie mense. In die eerste instansie is hulle nie Suid-Afrikaners van geboorte nie, meeste van hulle kom van Suid-Angola af, en hulle het geveg teen die ANC gedurende die oorlog daar. Nou word hulle weer hier getref in Suid-Afrika en die ANC sien hulle weer hier in Suid-Afrika as daardie mense wat teen hulle wou ... Wat dink u sal die verhouding wees tussen hulle, tussen die ANC en hulle hierso plaaslik? Dit is van die ander kant af nou, van die ANC af se kant. Hoe gaan die ANC hulle sien? Dink u nie daar sal altyd probleme wees met die ontplooiing van Bataljon 32 in hierdie land solank as die ANC 'n faktor is van die samelewing is hierso in Suid-Afrika nie? -- Om vir u in alle eerlikheid te sê, ons het, en ek wil en mag nie polities raak nie. Ons probeer die probeer

die/...

die soldate oplei om sover as doenlik heeltemal daarop uit te gaan om 'n diens aan die gemeenskap te lewer. Nou dit het sekere opofferings van ons kant geverg en ons werk nog steeds hard daaraan ook. Dit is so, dit gaan 'n deurlopende taak van ons kant af wees. Ons het nie 'n vyand nie. Ons het iemand wat 'n wetsoortreder is en ons moet ook nie die fout maak om te dink almal wat ons aankeer is ANC nie. Ons keer onwettiges aan, hetsy aan watter organisasie die lid behoort, dit is nie vir ons belangrik nie, en ek dink, as ek dit mag sê, in die huidige stand van rekonsiliasie waarin ons beweeg, sal dit goed wees as altwee kante, van altwee kante af daadwerklik probeer om versoening met mekaar te kry want ek dink altwee partye wil een land en een regering dien en dit is waarmee ons ook gelukkig sal wees.

Ja, maar nou het u die hart van die saak aangeroer deur versoening te meld. Dink u daar sal daadwerklike versoening wees as daar ernstige aantygings aan Bataljon 32 gegooi word dat hulle mense verkrag het, dat hulle geweldadige optrede gehad het in Phola Park en sulke dinge? -- Die wet is net so toepaslik vir die soldate as wat dit vir die gemeenskap is en as iemand die wet oortree dan is dit so dat die wet sy gang moet gaan. Daarmee probeer ek niks reg of goedpraat nie. Ek wil net sê as, as 'n soldaat verkeerd optree, enige soldaat, en die soldaat word voor 'n hof gebring, dan moet die reg sy gang gaan. Ons is nie verskoonbaar in daardie opsig nie.

Die begrip "vuurleidingsbevel", soos ek u dit reg verstaan, soos u dit uitgestippel het hierso, al die dade van die optrede van die troepies, sê u, die verantwoordelikheid berus by die offisier wat die vuurleidingsbevel gegee het? Sê u so? -- Dit is korrek. Hy beheer die vuur van die peloton.

So/...

So as hy sê: "Vuur in daardie rigting", en hulle vuur en hulle beseer of hulle dood mense, onskuldige mense daar, hy dra die verantwoordelikheid omdat hy die bevel gegee het? Is dit wat u sê? -- Die offisier is die verantwoordelike persoon, ja.

So, maar hy kan nie - gestel nou hulle het gevuur en hulle het mense beseer en hulle het mense gedood, maar nou gaan ons bietjie 'n entjie verder. In die proses van die vee-operasie, gestel daar is die sogenaamde "rogue" troepies wat ander misdade pleeg - gestel nou, ek sê nie dit is so nie, dit word beweer, hulle gaan nou verkrag en hulle doen allerhande ..., hy kan nie verantwoordelik wees vir sulke dade, nie waar nie? -- Dit is korrek.

MR TUCKER: Sorry, Mr Chairman, can I query that?

CHAIRMAN: Right.

MR TUCKER: As I understand it, that is in terms of the training and in terms of the standing orders as to how a sweep operation is to be conducted. It is either in a line, or if the circumstances do not facilitate it being done in a line, then it is in groups of people and each group is controlled by a group leader who is directly in contact with the officer and that those groups will remain in line and in sight in of each other. Now if that is the case, if it is conducted in accordance with the training and in accordance with the standing orders, is it not so that all of those men should at all times be under the either direct command or only one command removed away from the officers, that the should have control over them throughout the process of the sweep operation? -- That is true.

If he has got control of them, should have control of them, throughout the sweep operation, one of two things: Either he was aware of the misdaad van een van sy soldate, of

hy/...

hy het nie beheer gehandhaaf oor die soldate waaroor hy beheer behoort te handhaaf het? -- Ja, maar dit kan seer sekerlik ook gebeur dat terwyl hy besig is met beheer en terwyl hy besig is met die vee-operasie, sal hy te alle tye probeer om die beheer sodanig uit te voer dat hy sal weet wat sy seksieleiers vir hom sê wat op die grond aangaan. So wat ek wil sê, is: Hy gaan, hy het 'n groot lyn om te dek. So hy kan nie presies elke oomblik op elke punt wees nie. Maar dit is nie die argument nie. Die argument is dat hy sy beheer moet van sodanige aard wees dat hy moet kyk na sy lyn die heeltyd.

Onder daardie omstandighede daar mag nie gesê word nie dat hy óf geweet het dat hulle hierdie geweld gedoen het, óf hy het nie behoorlike beheer gehandhaaf oor sy soldate nie? -- In, in 'n gegewe situasie kan 'n ou seker so 'n aanname maak, maar ek, maar die verwysing na die spesifieke insident sal ek nie vir u kan sê nie.

CHAIRMAN: Dankie, majoor. It is now time for re-examination sui generis. I notice Mr Danie Pretorius is not here. George, who is here?

MR BOWEN: Yes, I am here for the minister. There is only question I would like to put to him.

CHAIRMAN: One question? What is your surname again, George?

MR BOWEN: Bowen, B-o-w-e-n.

CHAIRMAN: Thanks. Mr Bowen.

HERONDERVRAGING SUI GENERIS DEUR MR BOWEN: Dit is majoor, nè? -- Dit is korrek.

U het gesê dat sover moontlik is die diens wat julle probeer lewer daar, is 'n diens te lewer aan die publiek, 'n beskermingsdiens? Daar is voorheen getuienis voor hierdie Kommissie deur majoor Van Eeden dat die weermag 'n apolitiese

organisasie/...

organisasie is. Met ander woorde hulle lewer 'n diens ongeag ras, kleur of geloof. Is dit 'n korrekte stelling? -- Dit is 'n korrekte stelling.

Dit is die beleid wat julle probeer handhaaf in 32 Bataljon? -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Dankie, mnr. Bowen. Mnr. Lewies?

MR LEWIES: Might I just put on record, this witness has a funeral that he wants to attend this afternoon? I will finish my examination sui generis, but if there are any questions then I would respectfully submit, after my questions or deriving from what I am asking, that it is done before 14:00 so that he can attend the funeral. I will be short. Majoor, wat ek net van u wil vra, is u het die woord gemaak "terug by die huis". Ek neem aan u verwys nou terug by Pomfret? -- Dit is korrek.

Dit was op 'n vraag wat gevra is aan u. Net betreffende die staande operasionele prosedure, dit is 'n frase wat u gebruik het, wat bedoel u? -- 'n Staande operasionele prosedure is 'n spesifieke dril, of dan soos wat u wil miskien verwys daarna, 'n doktrine wat reeds vooropgestel en getoets is deur die weermag en wat gebruik word om sekere dinge uit te voer.

Kan ek net vir u die volgende vra: As jy 'n staande prosedure het in 'n bosoorlog, sal hy hier ook geld? -- 'n Bosoorlog en die polisiëringstaak wat ons nou het, is twee verskillende dinge. So die relevansie van die twee is, is nie noodwendig dat dit so sal wees nie.

'n Vee-operasie word in 'n bosoorlog gedoen en dit word ook hier gedoen? -- Korrek. Daar is sekere basiese beginsels waaraan 'n vee-operasie moet voldoen. Met ander woorde dit is mense wat in 'n uitgespreide lyn of in 'n tipe van 'n formasie dan deur 'n aanslagstrook beweeg om te kyk vir die drie dinge

wat/...

wat ek van genoem het. Dit is egter so dat gegewe die situasie en die omstandighede waarin die ding gedoen word, dit mag verskil van hoe dit uitgevoer word.

So, verstaan ek u reg? Wat u eintlik sê, is: Die beginsel is daar, die toepassing verskil van terrein tot terrein? -- Korrek.

Som ek dit reg op? -- Dit is korrek.

Net miskien een ander aspek. Die laagste rang wat julle het is 'n troep, in die weermag? Die laaste rang, verstaan ek in die polisie is 'n konstabel. Wat is die verskil tussen die optrede van 'n troep en 'n konstabel betreffende gesag? -- Goed. By ons dra 'n troep geen gesag nie, en ek dink, as ek so 'n vergelyk mag maak, 'n konstabel sal byvoorbeeld by regte wees om as 'n individu te kan optree en 'n saak te kan ondersoek en die tipe van goed, terwyl in die weermag is dit, is dit nie, gebeur sulke dinge nie met 'n troep nie. 'n Troep werk in 'n groep en hy werk onder 'n leier.

Nooit selfstandig nie? -- Nooit selfstandig nie.

VOORSITTER: Dankie majoor dat u nieteenstaande die feit dat u het ander verpligtinge, soos begrafnisse bywoon en sulke goed, u het darem 'n tydjie opsy gesit om getuienis te kom gee hierso. Ons is baie dankbaar daarvoor. Is u van Pomfret af? -- Ek is van Pomfret af.

Ons hoop net - what is wrong? We have all had our bite. Now what is wrong.

MISS CAMBANIS: Nothing is wrong. There is a question. On previous occasions I believe that although it is not procedure, a single question or even more than one question was allowed. I beg indulgence on one question.

CHAIRMAN: Ja, that was an indulgence which we gave in the

past/...

past, but we cannot give it today. An indulgence is not a rule.

MISS CAMBANIS: With respect, it is a ... (intervenes)

CHAIRMAN: It is not even practice. Is it a question arising from re-examination?

MISS CAMBANIS: Yes, it relates to a question ... (intervenes)

CHAIRMAN: Does it arise from re-examination *sui generis*?

MISS CAMBANIS: It arises from a question from one of the Committee members about reconciliation between the parties. I do not remember if it was yourself or Mr Tucker. I withdraw it. It is sure.

MR LEWIES: If I can chip in, Mr Chairman, I would say that it is relevant and she should be afforded the opportunity, from my side. If it arise from the bench or from my questions. If I might assist?

MR TUCKER: This is extraordinary. We might actually re-establish peace in this land if we carry on this way.

MISS CAMBANIS: I withdraw the request.

CHAIRMAN: You see, it is these little things that result in accusations, unfair accusations that I am favouring one party at the expense of another and that kind of thing, because you see, these indulgences are interpreted as a practice and as a rule now and that kind of thing. I am not accusing anybody of doing, but I am merely mentioning here that we should not interpret these things to be rules or practice. If there is no objection from the side of the defence force I will allow that question to be asked.

MISS CAMBANIS: I have already withdrawn my request. So it is really not a issue here.

CHAIRMAN: Yes, but I am allowing you now despite the

withdrawal/...

**Collection Number: AK2702**

**Goldstone Commission of Enquiry into PHOLA PARK Records 1992-1993**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-***Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-***Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand by the Church of the Province of South Africa.